

Sing vooraf staande: Skrifberyming 16-1:1, 2 (15:1, 2)

- 1 Laat jul kinders tot My nader / en geen hindernis hul weer,
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel," sê die HEER.
- 2 Wie nie needrig soos die kindjie / wat hier tussen julle staan,
so die Godsryk wil ontvang nie, / sal daar geensins binnegaan."

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 100:1, 2, 4 (p. 494)

- 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER! / Dien God met blydschap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig, / en prys Hom met 'n lofgedig!
- 2 Die HEER is God, erken dat Hy / 'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees / en skape van sy wei te wees.
- 4 Want goedertieren is die HEER; / sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag / tot in die laaste nageslag.

Gebed

Psalm 105:5, 6 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.
- 6 Die HEER wat nooit sy waarheid krenk nie, / sal Hy dan nie die eed gedenk nie
aan Isak, in sy trou gesweer? / Hy het dit ook vir Jakob weer
as wet gegee, as bondsbestel / in ewigheid aan Israel.

Skriflesing: Genesis 17:1-14; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 34

Kernvers: Genesis 17:1, 2, 7

Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die HERE aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees. En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder.

En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou. (Genesis 17:1, 2, 7 AFR53)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 34

Die heilige doop

Ons glo en bely dat Jesus Christus, wat die einde van die wet is (Rom 10:4), deur sy bloed te stort 'n einde gemaak het aan elke ander bloedvergieting wat 'n mens tot versoening of voldoening van die sondes sou kan of wil aanwend. Hy het die besnydenis wat met bloed gepaard gegaan het, afgeskaf en in die plek daarvan die sakrament van die doop ingestel. Deur die doop word ons in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltemal sy eiendom te wees en sy merkteken en vaandel te dra. Dit dien vir ons tot 'n getuienis dat Hy ewig ons

God en genadige Vader sal wees. Daarom het Hy beveel om almal wat sy eiendom is, net met gewone water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees te doop (Matt 28:19).

Hy toon ons daarmee dat, soos water die vuilheid van die liggaam afwas as dit oor ons gegiet word, en soos die water op die liggaam van die dopeling gesien word wanneer dit daarop gesprinkel word, so bewerkstellig die bloed van Christus deur die Heilige Gees dieselfde inwendig in die siel: dit besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes en laat ons, wat kinders van die toorn is, as kinders van God weergebore word. Dit gebeur nie deur die uitwendige water nie, maar wel deur die besprinkel met die kosbare bloed van die Seun van God, ons Rooisee waardeur ons moet trek om aan die slawerny van die Farao, dit wil sê die duiwel, te ontkom en om in die geestelik land Kanaän in te gaan. Die bedienaars gee ons van hulle kant dus met die sakrament dit wat sigbaar is, maar ons Here gee wat deur die sakrament aangedui word, naamlik die onsigbare genadegawes: Hy was ons siel, suiwer en reinig dit van alle vuilheid en ongeregtigheid; Hy maak ons hart nuut en vul dit met alle vertroosting; Hy gee ons egte sekerheid van sy Vaderlike goedheid; Hy bekleed ons met die nuwe mens en ontklee ons van die ou mens en al sy werke.

Ons glo daarom dat iemand wat tot die ewige lewe wil kom, slegs een maal gedoop moet word sonder om dit ooit te herhaal, want ons kan tog nie twee maal gebore word nie. Hierdie doop is nie alleen nuttig solank die water op ons is en ons dit ontvang nie, maar ook vir ons hele lewe. Daarom verwerp ons die dwaling van die Wederdopers, wat nie tevrede is met die een doop wat hulle een maal ontvang het nie, en wat bowendien ook nog die doop van die gelowiges se kindertjies veroordeel. Ons glo daarenteen dat ons hulle behoort te doop en met die teken van die verbond te beseël, net soos die kindertjies in Israel kragtens dieselfde belofte besny is as wat aan ons kinders gemaak is. En, waarlik, Christus het sy bloed nie minder vir die reiniging van die gelowiges se kindertjies as vir die volwassenes vergiet nie. Daarom behoort hulle die teken en die sakrament te ontvang van wat Christus vir hulle gedoen het, soos die Here in die wet beveel het om hulle kort na die geboorte deel te laat hê aan die sakrament van die lyding en sterwe van Christus deur vir hulle 'n lam te offer, wat 'n sakramentele heenwysing na Jesus was. Buitendien doen die doop aan ons kindertjies dieselfde as wat die besnydenis aan die Joodse volk gedoen het; dit is die rede waarom die heilige Paulus die doop die besnydenis deur Christus noem (Kol 2:11).

Matt 28:19; 1 Kor 6:11; Tit 3:5; Heb 9:14; 1 Joh 1:7; (Open 1:5); 1 Pet 1:2; 2:24; 1 Joh 5:16; Joh 19:34; Matt 3:11; 1 Kor 3:7; Rom 6:3; Efes 5:26; Hand 22:16; 1 Pet 3:21; Gal 3:27; 1 Kor 12:13; Efes 4:5; Heb 6:1-2; Hand 8:16; 2:38, 41; Matt 19:14; 1 Kor 7:14; Gen 17:11; Kol 2:11; Lev 12:6.

Tema: Wie is God vir jou wanneer dit kom by die doop?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag het ons die opmerking gemaak dat die verskille tussen gelowiges gewoonlik op een punt gedryf word. Tydens die Reformasie was die kwessie rondom die sakramente die spits van die verskille tussen die Roomse Kerk en die Protestante. So was die doop weer die spits van die verskille tussen die Anabaptiste en die Gereformeerdes.

Na bykans vier honderd jaar is hierdie stryd nog nie uitgewoed nie. Vanuit die oord waar die doop van kinders verwerp word en die grootdoop voorgestaan word, kom die aanvalle teen die Gereformeerdes met venyn. Elke denkbare argument, of dit nou geldig is of nie, word ingesleep om die kinderdoop te verkleineer en die Gereformeerdes uit te maak as mense wat hulle in hulle oortuigings oor die doop deur Konstantyn die Grote en die Roomse Kerk se verstaan van die doop op loop geneem is. Sommige voorstanders van die grootdoop wat deur onderdompeling gedoen word, sê dat Konstantyn die Grote met besprinkeling begin het. Die Roomse Kerk sou dan volgens hulle ook die kinderdoop ingevoer het omdat elkeen wat 'n burger in die Romeinse Ryk was outomaties ook somer as 'n Christen beskou is en daarom gedoop behoort te word. Ons hoor wat hulle sê, maar ons gaan nie nou daarop reageer nie.

Hierdie aanslag teen die kinderdoop kom egter nie net van buite die kerke wat die kinderdoop

voorstaan en bely nie. Keer op keer gebeur dit dat mense wat grootgeword het in kerke met 'n gereformeerde belydenis skielik tot hierdie sogenaamde heldere insigte gekom het dat die kinderdoop nie meer Bybels is nie. By sommige het hierdie insigte gekom omdat mense wat die grootdoop voorstaan hulle beïnvloed het. Maar hierdie invloed is nie die uitsluitlike oorsaak nie. Die oorsaak lê vir my veel dieper – dit gaan oor wie is ek as mens en hoe sien ek myself voor God. Daarom die vraag by vanaand se luister na die Here se stem: Wie is God vir jou wanneer dit kom by die doop?

Broers, susters en kinders, vir ons wat in die een en twintigste eeu lewe is name van mense nie meer so 'n groot kwessie nie. Vir baie mense is 'n naam somer maar net 'n naam. Dit is 'n woord en 'n klank waaraan 'n mens iemand anders uitken en waarop jy reageer. By die Here ons God is 'n naam nie maar somer net 'n woord nie. Ons sien dit raak in hierdie Skrifgedeelte ook. Tera, die pa van Abraham, het sy seun eers die naam Abram gegee. Abram beteken *vader is groot*. Waarskynlik is hierdie naam gegee ter nagedagtenis aan iemand uit die voorgeslag wat regtig belangrik was. Wanneer die Here sy verbond met Abraham tot stand bring, verander Hy ook sy naam na Abraham toe. Abraham se nuwe naam hou verband met die belofte wat die Here nou aan hom maak: **want Ek maak jou die vader van baie nasies** (Genesis 17:5 AFR83). Abraham beteken *vader van menigte*.

Maar dit is nie net mense se name wat belangrik is omdat die Here met die naam iets aan ons openbaar nie. Wanneer die Here aan Abraham belowe: **en baie, baie mense sal uit jou voortkom** (Genesis 17:2 AFR83), moet hierdie belofte tog op vaste grond staan. Die Here self is die vaste fondament vir hierdie belofte. Hoekom sê ons so? Wel vir die heel eerste keer in sy openbaring aan Abraham en enige ander mens maak die Here Homself bekend met hierdie woorde:

Ek is God, die Almagtige. (Genesis 17:1 AFR53)

Alhoewel Abraham baie eeue later in die openbaringsgeskiedenis deur Jakobus *vriend van God* genoem word (Jak 2:23), maak God Homself nie aan Abraham bekend as *Ek is God, jou Vriend* nie. Baie duidelik en ondubbelsinnig sê die Here:

Ek is God, die Almagtige. (Genesis 17:1 AFR53)

Aangesien dit die eerste keer is wat die Here Homself so aan Abraham bekend maak, is dit regverdig om te vra: Hoekom maak God Homself juis so bekend? Om 'n antwoord op hierdie vraag te kry, moet ons mooi gaan kyk na die konteks waarbinne die Here Homself so openbaar.

Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die HERE aan Abram verskyn. (Genesis 17:1 AFR53)

Dat die Here aan Abram verskyn of met hom praat is nie vreemd nie. Toe Abram vyf en sewentig jaar oud was, het die Here al met hom gepraat en vir hom gesê dat Hy hom 'n groot nasie sal maak. Toe Abraham omtrent ses en tagtig jaar oud was, het die Here weer vir hom gesê dat sy nageslag so baie soos die sterre aan die hemel sal wees. En Abraham het die Here geglo.

Maar toe die jare aanstap en daar nog nie 'n nageslag gebore is nie, het Abraham ook soos enige ander mens getwyfel of die belofte van 'n nageslag regtig vir hom en Sara bedoel is. Miskien is die nageslag vir hom bedoel – soos Sara voorgestel het – by Hagar. Hagar het immers swanger geword en Ismael is gebore. En nou, veertien jaar later eers, verskyn die Here weer aan hom en sê:

Ek is God, die Almagtige. En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder. (Genesis 17:1, 2 AFR53)

Abraham is nege en negentig jaar oud. Sara is negentig en bowendien nog steeds onvrugbaar. Menslik gesproke is daar glad nie meer sprake van 'n nageslag uit hierdie twee mense nie. Maar God maak die belofte en Hy sê dat Hy God die Almagtige is. Wat 'n mooi en heerlike belofte is dit nie. Die waarheid en egtheid van hierdie belofte kan net in iemand wat baie groter is as Abraham geleë wees.

En dit is! God is die Almagtige. Hy is groot en die Skepper van hemel en aarde. Hy het die reg om te sê wat Hy sê en Hy het die reg om sulke beloftes te maak wat ons mense se verstand ver te bowe gaan. God kan doen wat Hy belowe, want Hy is almagtig. Wat vir mense onmoontlik lyk, is vir God geen-sins onmoontlik nie.

Gelei deur die Heilige Gees het Abraham die enigste liggaamshouding ingeneem wat 'n mens kan inneem teenoor die almagtige God. Abraham het op sy knieë voor God neergeval. Wie is hy, Abraham, immers om regop voor die almagtige God te bly staan? Hy kan nie staan nie. Hy is maar 'n swak, ellendige mens wat niks beter verdien as enige ander mens op aarde nie. Kyk hoe lyk sy geskiedenis. Hy kom uit 'n huis waar afgode in Ur van die Galdeërs gedien is. Hy was bereid om sy mooi vrou prys te gee vir die Farao sodat hy kon bly lewe. Hy het toegelaat dat sy vrou hom voorsê om 'n tweede vrou by te neem terwyl die Here die huwelik tussen een man en een vrou ingestel het. 'n Jaar na hierdie ontmoeting van God met hom sou Abraham met sy eie mond sê dat hy maar stof en as is voor die Here.

Abraham is nie iemand besonders nie – en hy besef dit self, daarom val hy op sy knieë voor God die Almagtige. Abraham het nie die vermoë of eienskappe om enigsins op gelyke voet met God te staan nie. Daarom hoor ons nie dat Abraham die Here genader het om Hom te vra om in 'n verhouding met hom wat Abraham is te tree nie. Die mens het nou eenmaal in sy sondedoodheid nie die vermoë om met die Here te praat nie. Wat het die sondaar immers om die heilige God mee te oortuig dat dit goed sal wees vir Hom om 'n verhouding met die mens te hê? Die mens het in homself niks behalwe sonde nie – en dit is juis wat deur die Here verafsku word. Buitendien het God die lewe in Homself. Hy het niks en niemand nodig om God te wees nie. Hy het nie eers die mens se erkenning nodig nie.

Wanneer die Here dan aan Abraham verskyn en sy verbond met Abraham sluit, neem Hy die inisiatief en lê sy verbond op Abraham neer. Die Here het nie by Abraham gaan sit en op die tafel die saak van die verbond neergelê sodat daaroor gedebatteer kon word nie. Die Here het ook nie verwag dat Abraham eers iets moes doen sodat Hy sy verbond met hom kon sluit nie. Die Here verskyn eenvoudig aan Abraham en sê:

Ek is God, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees. En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder. (Genesis 17:1-2 AFR53)

In sy alwysheid weet die Here wat goed sal wees vir Abraham. Maar dit gaan nie net oor Abraham alleen nie. Die Here weet ook wat goed sal wees vir Abraham se nageslag. Daarom sê die Here:

En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou. (Genesis 17:7 AFR53).

Met hierdie verbondswoorde sê die Here dat Hy Abraham se Vader sal wees wat alle goeie dinge aan hom sal skenk en die kwade van hom sal afweer of tot sy beswil beskik. En as Isak 'n jaar later gebore word, weet Abraham dat die belofte wat die Here in die verbond aan hom toegesê het ook vir hierdie klein babaseuntjie geld. Daarom ontvang Isak ook op agtste dag van sy lewe die teken en seël van die verbond wat die Here met hom persoonlik het.

Geliefdes, ons herken hierdie wesenlike boodskap in die verbondsbelofte van die Here omdat dit ook die wesenlike boodskap van die Here by die doop is. Christus het immers **die besnydenis wat met bloed gepaard gaan, afgeskaf en in die plek daarvan die sakrament van die doop ingestel**. So belangrik as wat die besnydenis as verbondsteken vir Abraham en sy nageslag was, so belangrik is die doop vir elkeen wat deur Jesus Christus vir God losgekoop is. Net voor sy hemelvaart het Jesus die apostels beveel om die evangelie aan die nasies te verkondig, maar Hy het nie gesê dat die nasies besny moet word nie. Hy het beveel:

... doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, ...

(Matteus 28:19 AFR53).

Daarom lê Paulus ook vir ons die verband tussen die besnydenis en die doop wanneer hy die doop **die besnydenis van Christus** (Kolossense 2:11 AFR53) noem.

In ons doopsformulier word hierdie verbintenis wat die Here met die kind maak wat gedoop word, soos volg verwoord:

As ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig, ons tot sy kinders en erfgename aanneem en ons daarom met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van ons wil afweer of tot ons beswil beskik.

En as ons in die Naam van die Seun gedoop word, verseël die Seun aan ons dat hy ons in sy bloed só van al ons sondes was – waarmee Hy ons in sy dood en opstanding inlyf – dat ons van ons sondes bevry en voor God regverdig gereken word.

Net so ook as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons eindelijk onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word.

Wat 'n vertroosting is dit nie vir elke gelowige wat gedoop is nie! Hierdie verbintenis wat die Here met jou en my persoonlik gemaak het, is nie gegrond op ons gevoelens vir die Here nie, maar staan vas op die onveranderlike God van hemel en aarde. Die doop word daarom nie bedien as 'n getuienis van my geloof nie, maar as 'n getuienis dat die Here beslag lê op my en aan my beloftes maak wat net Hy as God alleen kan maak. Die Here neem die inisiatief omdat Hy weet wat vir my as mens goed is.

Geliefdes, solank as wat ons God sien as die almagtige God wat in sy goedheid neergebuig het om met die sondige mense 'n verbond te sluit, sal die doop van kinders vir ons nie 'n probleem wees nie. Solank as wat ons daaraan vashou dat die Seun van God mens geword het en Homself in ons plek onder die toorn en regverdige oordeel van sy Vader gestel het – nie omdat ons versoek het dat God sy Seun moet stuur nie – maar omdat Hy self so besluit het, sal ons klein babatjies kan doop.

Maar sodra die mens in sy gewaande grootheid dink hy staan darem 'n trappie nader aan God en God is nie meer vir hom die absolute, ewige, onbegryplike, onsienlike, onveranderlike en almagtige God nie, dan dink die mens hy kan met die Here begin onderhandel en debatteer oor sy verhouding met hom as mens. Wanneer mense God net as *liewe Jesus* sien, dan begin hulle God se reg om sonder hulle toestemming 'n verhouding van sy kant af met die mens te begin in twyfel trek. Dit is dan wanneer mense begin sê dat die doop van kinders nie Bybels is nie. Dit is ook dan wanneer mense die sakrament van die doop wil verander as 'n hernuwing van hulle verhouding met die Here en dit dan 'n bekeringsdoop noem. Sodra ek die afstand tussen myself en die Here wil verklein, begin ek dink dat ek die reg het om met die Here te onderhandel oor wat ek dink vir my goed is.

Ongelukkig is hierdie geaardheid om onself te verhef so deel van ons dat ons amper kan sê dit is in ons DNA. Mag die Heilige Gees ons voortdurend deur middel van die Woord daarop wys hoe swak en ellendig ons werklik van nature is. En as Hy dit met ons doen, doen Hy dit nie om ons te verkleineer en te bespot nie, maar lei Hy ons via die kruis van Christus om die oneindige genade van God raak te sien – genade omdat God wat niks en niemand nodig het om God te wees nie tog met my wat sy vyand is 'n verhouding van liefde en sorg wil hê. Die doop is dus daarop gerig dat elkeen wat gedoop is nie sy aandag op sy geloof sal vestig nie, maar sy aandag op God sal vestig wat hom so liefhet.

Amen!

Slotgebed

Psalm 90:1, 9 (p. 454)

- 1 U was, o HEER, vanaf die vroegste jare / vir ons 'n vlug- en skuilplek in gevare.
Voordat die rotsgebergtes was gebore, / die aarde uit niks geroep was, lank tevore –
is U, o HEER, dieselfde God van mag, / onwankelbaar in wese en in krag.

- 9 Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie! / Laat van ons kroos u heerlikheid nie wyk nie!
Laat oor ons aanlig al u lieflikhede! / En, HEER, verhoor ons in ons laaste bede:
Bevestig by die onguns van die tyd, / bevestig tog ons werk in ewigheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
2 Junie 2013